

SUID-AFRIKA 1976 TOT 1994

*Dr. C. Venter
Departement Geskiedenis
Universiteit Stellenbosch*

Kopiereg voorbehou

1. Twyfel oor apartheid

Teen die einde van die sewentigerjare het twyfel binne die Nasionale Party-geledere ontstaan oor sekere aspekte van die apartheidsbeleid. Hervormings wat deur premier B.J. Vorster begin is, is deur sy opvolger, P.W. Botha, voortgesit. Daar kan verskeie redes aangevoer word waarom politici die apartheidsbeleid wou hervorm.

Een rede daarvoor was dat dit met verloop van tyd duidelik geword het dat baie van die ideale van apartheid nie verwesenlik kon word nie. In 1958 het dr. Verwoerd byvoorbeeld verklaar dat die proses van swart verstedeliking teen 1978 sy toppunt sou bereik. Daarna sou die proses omgekeer word deurdat die swartes van die stede na die tuislande sou terugtrek, aangesien daar voldoende werksgeleenthede in die tuislande sou wees. Hierdie ideaal was nie haalbaar nie, aangesien die werksgeleenthede in die "blanke"

stede was en swart verstedeliking steeds toegeneem het.


Die geloof in apartheid as 'n oplossing vir Suid-Afrika se rassevraagstuk is 'n knou toegedien deurdat die internasionale gemeenskap apartheid as 'n euwel beskou het en druk toegepas het om Suid-Afrika van die beleid te laat afsien. Die internasionale druk het die vorm aangeneem van die beëindiging van sportbande met en 'n verbod op wapenverkope aan Suid-Afrika, aangesien die beleid van apartheid in die oë van die buitewêreld 'n bedreiging vir wêreldvrede ingehou het.

Die vrees het ook bestaan dat apartheid swart radikalisme verder sou aanwakker. Na die Soweto-onluste van 1976 het die swart jeug in groter wordende getalle die Marxistiese beginsels en dié van die Swart Bewussynsbeweging begin aanhang. Dié neiging het 'n bedreiging vir die vryemarkstelsel in


Suid-Afrika ingehou en nyweraars het druk op die regering begin uitoefen om nie die swart middelklas te vervreem deur apartheidsmaatreëls nie. Die privaatsektor het ook die inisiatief geneem met die totstandkoming van die Stedelike Stigting om die lewenstoestand in die swart woonbuurte te verbeter, en die Suid-Afrika Stigting om Suid-Afrika se beeld in die internasionale wêreld te verbeter.

Die reservering van sekere soorte werk vir blankes gedurende die sewentigerjare aanleiding gegee tot ernstige tekort aan geskoolde arbeiders. Daar was voldoende blankes om die werk te doen nie en swar was nie toegelaat om die geskoolde werk te verrig nie. Die verslapping in die toepassing van werkreservering

Onafhanklike en nasionale state in Suider-Afrika, 1984



Bron: Cameron en S.B. Spies: Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika. Human en Rousseau, Kaapstad, 1986.



Abe Berry: The Star, 1.5.1973 [ministers B.J. Vorster en M.C. Botha]

het ook nie die gewenste uitwerking gehad nie, aangesien ander apartheidsmaatreëls nog te veel beperkinge op swart arbeiders geplaas het. Daarom het die regering in Augustus 1977 die Riekertkommissie aangestel om die uitwerking van sekere apartheidswette op die effektiewe gebruik van arbeid te ondersoek.

Swart weerstand teen apartheid, soos die Soweto-onluste van 1976 en die opstande van 1984 tot 1986 en Mangosuthu Buthelezi se weiering om onafhanklikheid vir Kwazulu te aanvaar - wat die tuislandbeleid laat misluk het - het die geloof in apartheid as oplossing vir Suid-Afrika se probleme laat kwyn.



Eerste Minister B.J. Vorster in onderhandelinge met sommige leiers van selfregerende tuislande; v.l.n.r. Mangasuthu Buthelezi (KwaZulu), prof. H.W.E. Ntsamwisi (Gazankulu); Cedric Pathudi (Lebowa); Lukas Mangope (Boputhatswana).

Die siening word ook gehuldig dat apartheid se verval die gevolg was van die sogenaamde "stille revolusie" van die gewone swart mense. 'n Enkele voorbeeld van hierdie "stille revolusie" is die snelle verstedeliking van swartes wat 'n aanduiding is van die wyse waarop hulle die paswette en instromingsbeheermaatreëls onwerkbaar gemaak het. So byvoorbeeld het duisende plakkers hulle sedert 1975 sonder passe rondom Kaapstad gevestig. Alle pogings van regeringskant om hulle te verwyder het misluk. Instromingsbeheer is uiteindelik in 1986 opgehef.

Die snelle verstedeliking het meegebring dat residensiële apartheid geleidelik afgetakel is. Groot getalle swart gesinne het inbeweeg in blanke woongebiede as gevolg van die akute behuisingstekort

in swart woongebiede. Woonsteleienaars was gewillig om swart huurders te aanvaar omdat daar nie genoeg blanke huurders was nie. Sodoende is ook die bepalinge van die Groepsgebiedewet onwerkbaar gemaak en daarom is die wet algaande minder streng toegepas.

Onder 'n groot aantal van die blanke Afrikaners het daar ook 'n gesindheidsverandering jeens anderskleuriges gekom. Hulle invloed van binne en buite die regering het moderniserend op die regering se beleid ingewerk. Die blanke Afrikaner se toenemende toepassing van morele selfkritiek het die besef laat posvat dat versnelde hervormingspogings noodsaaklik geword het. Hiertoë het die Afrikaanse pers se verligte kritiek op die politiek-van-die-dag, die Afrikanerjeug se wegbeweeg van die idee van eksklusiewe Afrikanerskap, die veranderende houding van professionele Afrikaners en sakelui teenoor apartheid na besoeke aan die buiteland, 'n nuwe Afrikaner lewens- en wêreldbeskouing wat as gevolg van verstedeliking en toenemende welvaart veel anders was as die tradisioneel plattelandse "Boeresamelewing" van 1948 en die rol wat Afrikanerskrywers in die proses van vernuwende denke gespeel het, bygedra.

Die tydperk na 1976 kan in verskeie hoofmomente ingedeel word. Die instelling van die driekamer parlementêre stelsel; die afskaffing van apartheidsmaatreëls en -wette; die rebellie van swartes gedurende 1984 tot 1986, gevolg deur 'n gewapende stryd tussen Inkatha en die *United Democratic Front* (UDF) as frontorganisasie vir die ANC; toenemende buitelandse isolasie en toepassing van sanksies; die ontbanning van swart politieke organisasies en die vrylating van politieke gevangenes; en die bewindsoorname deur die ANC in 1994.

2. P.W. Botha as Eerste Minister

Op 28 September 1979, in die naweë van die Inligtingskandaal, het P.W. Botha die nuwe Eerste Minister van Suid-Afrika geword. Sy uitgangspunt was dat apartheid hervorm moes word omdat dit in belang van die blankes sou wees. In sy regeringstydperk is dan ook die grootste aantal apartheidswette van die wetboeke geskrap. Hy was egter nie bereid dat die blanke die regeringsmag moes prysgee nie en die idee van een-mens-een-stem was vir hom onaanvaarbaar.

Alhoewel P.W. Botha gehoop het dat die hervormings Suid-Afrika meer aanvaarbaar in die oë van die

wêreld sou maak, het hy besef dat die ANC en die Verenigde Nasies nie hul aanslag om die blanke bewind tot 'n val te bring, sou staak nie. Teen hierdie totale aanslag van buite en binne Suid-Afrika het die Botha-regering 'n totale strategie - wat politieke hervormings en aanvalle op ANC-basisse in Suid-Afrika se buurstate ingesluit het - ontwikkel. In hierdie totale strategie het die Staatsveiligheidsraad en die militêre magte 'n belangrike rol gespeel.


3. Die 1983-Grondwet

Die tweede republiek van Suid-Afrika het tot stand gekom met die aanvaarding van die 1983-grondwet deur die parlement en die goedkeuring daarvan deur die blanke kiesers tydens 'n referendum in November 1983. Die grondwet was die resultaat van jarelange ondersoeke en onderhandelinge wat begin is toe die toenmalige Eerste Minister B.J. Vorster die Erika Theron-kommissie in 1973 aangestel het. Hierdie grondwet het verskil van die 1961-grondwet met betrekking tot die magte van die Staatspresident, die samestelling van die wetgewende en uitvoerende gesag en die instelling van 'n Presidentsraad. Daarbenewens het die grondwet vir die eerste maal aan Kleurlinge en Indiërs 'n beperkte seggenskap in die sentrale regering van die land gegee.

Die nuwe konstitusie het voorsiening gemaak vir een parlement met drie wetgewende kamers: 'n Volksraad vir blankes, 'n Huis van Verteenwoordigers vir Kleurlinge en 'n Huis van Afgevaardigdes vir Indiërs wat gekies is volgens aparte etniese kieserslyste. Verder is voorsiening gemaak vir 'n Uitvoerende Staatspresident (wat die bestaande pos van Eerste Minister en Staatspresident gekombineer het) wat indirek verkies is deur 'n kieskollege van lede van die drie huise in die verhouding 4:2:1. Omdat die meerderheidsparty in elke Huis al die verteenwoordigers van die Huis sou kies het die meerderheidsparty in die blanke Huis die meerderheid in die kieskollege gehad. Elke Huis sou verantwoordelik wees vir eiesake wetgewing van sy gemeenskap soos bv. t.o.v. kultuur, onderwys en hospitale. Wetgewing oor algemene sake moes deur al drie Huise goedgekeur word. Vierdens sou die President 'n kabinet aanstel bestaande uit die lede van die Parlement. Hy moes die kabinet raadpleeg maar was nie verplig om hul aanbevelings te aanvaar nie. Vir elke Huis was daar 'n Ministersraad wat eiesake sou hanteer. Vyfdens is 'n stelsel van gesamentlike komitees van die drie Huise ingestel aan wie voorgestelde wetgewing t.o.v. algemene sake voorgelê moes word waar konsensus daarvoor bereik kon word. Laastens sou die Presidentsraad, wat saamgestel is uit lede deur die drie Huise verkies, bly bestaan. 'n Minderheid lede van die Presidentsraad is

ook deur die Staatspresident aangestel. Die Presidentsraad sou in 'n raadgewende hoedanigheid optree en 'n belangrike rol speel wanneer 'n dooiepunt tussen die Huise ontstaan. Swartes se politieke aspirasies is dus nie deur die konstitusionele veranderinge aangespreek nie.

Daar was 'n uiteenlopende reaksie op die 1983-grondwet. Terwyl die grondwet nog in sy ontwerpstadium was, het 'n groot aantal NP-leder onder leiding van twee kabinetsministers, dr. A. Treurnich en dr. F. Hartzenberg, wegge-breek en die Konser-watiewe Party gestig. Hierdie ontevredenes beswaar teen die grondwet was dat dit 'n vorm van magsdeling met Kleurlinge en Indiërs beteken het. Hierdie skeuring was die ernstigste wat die NP sedert sy bewindsaanvaarding in 1948 ervaar het.



P.W. Botha en tuislandleiers George Mantanzima (Transkei), Lukas Mangope (Boputhatswana) en Patrick Mpephu (Venda)

Die Nuwe Republiekparty (NRP) het die nuwe grondwet as 'n stap in die regte rigting gesien, terwyl die ander blanke opposisieparty, die Progressiewe Federale Party (PFP) die grondwet verwerp het omdat swartes van die nuwe bedeling uitgesluit was.

Die nuwe grondwet het bepaal dat die blanke Volksraad onveranderd deel sou word van die nuwe bedeling en dat 'n verkiesing nie nodig was nie. Verkiesings vir lede van die Huis van Verteenwoordigers en die Huis van Afgevaardigdes sou respektiewelik op 22 Augustus en 28 Augustus 1984 plaasvind.

Hierdie verkiesings is op groot skaal ontwig deur organisasies wat teen die grondwet gekant was en wat die Kleurling- en Indiërkiesers van die stembus weg hou. Die belangrikste van hierdie organisasies

was die *United Democratic Front* (UDF) en die *National Forum* (NF).

Die UDF is op 'n massa-byeenkoms in Kaapstad gestig onder leiding van dr. Allan Boesak, 'n predikant van die NG Sendingkerk en president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke. Die UDF was nie 'n politieke party nie en het sy lede getrek uit bestaande organisasies op plaaslike vlak. 'n Wye spektrum van organisasies - opvoedkundige, godsdienstige sosiale groepe, vakbonde en selfs sportklubs - het by die UDF aangesluit. Die leierskorps van die UDF het hul met die doelstellings van die ANC geïdentifiseer en die Vryheidsmanifes as sy basiese beleids-dokument aanvaar. Die UDF het geweldige groei op grondvlak getoon en teen Maart 1984 was meer as 600 organisasies met 'n lidmaatskap van oor die twee miljoen lede wat alle klasse en rasse ingesluit het, by die UDF geaffilieer.

Die NF is deur Saths Cooper en Neville Alexander in Augustus 1984 gestig om die ideale van Swart Bewussyn te verkondig. NF was 'n sambreelorganisasie met 'n vermeende ledetal van 200 organisasies. Die organisasie was ook gekant teen die ANC as gevolg van sy verbintenis tot veelrassigheid en bande met kommunisme.

Die stempersentasie in die verkiesings was besonder laag, naamlik 30,9 persent onder die Kleurlinge en 20,2 persent onder die Indiërs. Verskeie redes kan vir die lae stempersentasie aangevoer word: intimidasie van die kant van die verkiesingsboikotters; die buitengewoon groot getal politieke partye en kandidate het verwarring onder die kiesers geskep; gebrek aan ervaring, tyd, organisasie en finansies om die maksimale deelname en ondersteuning te monster; die beleid van die partye wat so weinig verskil het dat dit die kieser se taak om 'n keuse te maak bemoeilik het, en die uitgebreide teenstand teen die nuwe grondwet.

In September 1984 is die nuwe grondwet in werking gestel met P.W. Botha as Staatspresident. Vir die eerste maal in die geskiedenis het 'n Kleurling en 'n Indiër lid van die kabinet geword, naamlik eerw. Allen Hendrickse en Armichand Rajbansi, beide leiers van die meerderheidspartye in die Raad van Verteenwoordigers en die Raad van Afgevaardigdes.

4. Politieke mag aan swartes buite die tuislande

Die 1983-grondwet het geen politieke mag of regte aan die swartes binne die tradisioneel blanke streke gegee nie, aangesien die regering steeds van die standpunt uitgegaan het dat hulle daardie regte in die tuislande uitgeoefen het. Die meerderheid swartes het

egter buite die selfregerende tuislande gewoon en hul eise om politieke regte in die gebiede waar hulle woonagtig was, kon nie langer deur die regering geïgnoreer word nie. Daarom dat president P.W. Botha met die opening van die Parlement in 1985 verdere hervormings belowe het. By monde van die Staatspresident het die regering vir die eerste maal swartes wat in die sogenaamde blanke gebiede woonagtig was, as permanente inwoners van Suid-Afrika erken. Die regering het ook verklaar dat hierdie swartes beheer oor hulle eie sake op plaaslike, provinsiale en sentrale regeringsvlakke moes verkry.

Om uitvoering hieraan te gee, is veelrassige Streeksdiensterade in 1985 ingestel. Op provinsiale vlak is weggedoen met Provinsiale Rade en is veelrassige Uitvoerende Komitees aangestel. Dit was die eerste poging van die regering tot magsdeling met swartes. In die geval van die Uitvoerende Komitees is die lede deur die Staatspresident aangestel en nie op 'n demokratiese wyse verkies nie. Dit, en die bepaling dat besluite van die Uitvoerende Komitees deur 'n parlementêre komitee, waarin swartes geen verteenwoordiging gehad het nie, geveto kon word, het die aansien van hierdie komitees onder swartes laat daal.

Op sentrale regeringsvlak het die regering probeer om 'n nasionale statutêre raad, bestaande uit regeringsverteenwoordigers en swart leiers, in die lewe te roep. Die doel van hierdie raad sou wees om die regering te adviseer oor 'n nuwe grondwetlike bedeling waarin swartes ook seggenskap sou hê. Swart leiers, soos Buthelezi, het verklaar dat hulle gewillig sou wees om op die raad te dien slegs as Nelson Mandela en ander leiers uit aanhouding vrygelaat sou word. Hiertoe was die regering nie bereid nie en van die beoogde raad het niks tereg gekom nie.

5. Die swart opstand, 1984-1986


In September 1984 het ernstige onluste in swart woonbuurtes in die Vaaldriehoek uitgebreek en vinnig na ander dele van die land versprei. Hierdie onluste het langer geduur, meer lewens geëis en groter skade aan eiendomme veroorsaak as enige vorige opstande in Suid-Afrika. Teen die einde van 1986 was die onluste onder beheer, maar die getal onrusverwante insidente het tot 1989 onrusbarend hoog gebly.

Die redes vir hierdie swart onluste was viervoudig: die ekonomiese resessie van die middel-tagtigerjare wat die klimaat van onrus verhoog het; die ongewildheid van die swart stadsrade omdat hulle as instrumente van die blanke regering gesien is en omdat van die lede hulle aan korrupsie skuldig

gemaak het; die verhoging van huurgeld in die swart woonbuurtes in die Vaaldriehoek in die tyd van ekonomiese resessie wat die vonk in die kruitvat was wat tot die onrus gelei het en wat deur die ANC aangegryp is om die ontevredenheid verder aan te blaas; en weerstand van die UDF en die NF teen die implementering van die 1983-grondwet.

Gelyktydig met die opstand van 1984-1986 het daar ook skool-, verbruikers- en huurboikotte plaasgevind wat verdere chaos en ontwrigting veroorsaak het.

Terwyl die binnelandse swart organisasies die regering direk gekonfronteer het, het die ANC die belangrikste simbool van swart weerstand gebly. Alhoewel die organisasie nie binne die land kon optree nie, weinig aktiewe guerillas gehad het wat in



Frans Esterhuyse, Hoofstad, 6.8.1982

die binneland opgetree het en waarskynlik nie 'n groot aandeel in die opstande in swart woonbuurtes gehad het nie, was sy "gewapende propaganda" effektief. By groot protesvergaderings was dit ANC-vlae, foto's van ANC-leiers en ANC-liedere wat sigbaar was. In 1983 het die ANC voortgegaan met lae intensiteit militêre optrede. Die belangrikste insident het in Mei 1983 plaasgevind toe die ANC 'n bom buite 'n Weermaggebou in Pretoria ontplof het waarin 19 mense gedood en 215 beseer is. Die Regering het hierop gereageer deur 'n ANC-sentrum naby Maputo aan te val waartydens 41 lede van die ANC en 17 Mosambiekse burgers gedood is. Die jaar 1984 was 'n jaar van gemengde welslae vir die ANC. Alhoewel sy leiers die belangrikheid van die Nkomati-ooreenkoms ('n nie-aanvalsverdrag wat op 16 Maart 1984 tussen Suid-Afrika en Mosambiek gesluit is) probeer ontken het, was dit 'n terugslag vir die

organisasie. Mosambiek het volgens die verdrag nie net ANC-basisse in Mosambiek verbied nie, maar ook ANC-huise in Maputo deursoek, 200 ANC-lede die land uitgesit en die ANC tot 'n klein diplomatieke verteenwoordiging beperk. Die ANC kon ook nie daarin slaag om ander basisse op die Suid-Afrikaanse grens te vind nie. Zimbabwe, Botswana en Lesotho was simpatiek, maar het Suid-Afrikaanse optrede gevrees indien hulle die ANC sou huisves. Swaziland was totaal onsimpatiek teenoor die ANC. Ten spyte hiervan het die ANC tog daarin geslaag om guerillas Suid-Afrika te laat binnesypel. Hulle het hul toegespits op aanvalle op regerings- en sake-eiendom en op die opleiding van jeugdiges in guerilla-taktiek. Die belangrikste ontwikkelinge was egter die toenemende openbare aandag wat die ANC gekry het. Teen 1985 het die ANC se prestige so gestyg dat die meeste blankes waarskynlik een of ander vorm van onderhandeling met die ANC voorgestaan het.

Die ANC het ook sy posisie in ballingskap heroorweeg. Hulle was gretig om hul aktiwiteite in Suid-Afrika te verhoog en het 1985 as die *Year of the Cadre* verklaar. 'n Groot konferensie is ook in Junie 1985 by Kabwe in Zambië gehou waar die belangrikste sake onder bespreking die militêre strategie en die rol van die arbeiders en ondergrondse organisasie was. Ten opsigte van militêre strategie is ooreengekom dat aanvalle ook sagte teikens (burgerlikes soos bv. prominente regeringsondersteuners, staatsgetuies en boere in grensgebiede) kon insluit en dat 'n "people's war" gevoer moes word. Die aanvaarding van die "people's war"-strategie was 'n rigtingverandering vanaf aanvalle op ekonomiese en strategiese installasies na massadeelname en militêre optrede om die staatsadministrasie te ondermyn. Die massas moes nie langer net toeskouers wees nie, maar betrokke raak deur die kaders te ondersteun, arbeid te ontwrig, plaaslike owerhede daar te stel en uit regeringsposte te bedank. Ten opsigte van sy politieke doelwitte het die konferensie dialoog met die regering verwerp (tensy apartheid totaal afgeskaf sou word), hul hernude steun vir ekonomiese sanksies en disinvestering bevestig, 'n oproep gedoen vir pogings om met die PAC saam te werk en 'n beroep gedoen op vakbondeenheid sodat 'n industriële veldtog geloods kon word om die regering tot 'n val te bring.

Alhoewel die regering nie die nodigheid vir verdere hervorming ontken het nie, het hulle die optrede van die UDF en AZAPO as deel van 'n kommunisties en ANC-geïnspireerde poging gesien om die land onregeerbaar en ryp vir revolusie te maak. Die "totale aanslag" gedagte is vervang deur die "revolusionêre aanslag". Soos die konflik deur 1985 en 1986 uitgebrei en geïntensifiseer het, het die regering gepoog om dit te onderdruk deur aan die een

kant kragdadige veiligheidsoptrede en aan die ander kant verdere hervorming toe te pas.

Om die konflik te beëindig het P.W. Botha op 12 Julie 1986 'n landwyse noodtoestand afgekondig waardeur die pers se vryheid beperk is; die weermag en polisie uitgebreide magte verkry het om agitators gevange te neem en vir bepaalde tye sonder verhoor aan te hou; sekere organisasies soos die UDF verban is; en die polisie die mag verkry het om enige byeenkoms te verbied. Alhoewel die opstand teen 1986 onderdruk is, het onrusverwante insidente voortgeduur en is die noodtoestand jaarliks verleng. Dit was eers in Junie 1990 dat F.W. de Klerk, president Botha se opvolger, die langste noodtoestand in die land se geskiedenis beëindig het.

6. Sanksies

Internasionale kritiek teen die kragdadige onderdrukking van die swart protes het toegeneem soos ongekende mediadekking van die geweld en konfrontasie in swart woonbuurtes toenemend openbare reaksie in die buiteland ontlok het. Daarom is daar met groot afwagting uitgesien na die toespraak wat president P.W. Botha op 15 Augustus 1985 voor die Natalse kongres van die Nasionale Party sou lewer. Die verwagting was dat hy sou aandui hoe sy regering finaal van die apartheidsbeleid afstand sou doen. Sy "Rubicon"-toespraak was 'n anti-klimaks aangesien hy die beginsel van 'n meerderheidsregering verwerp het.

Buitelandse banke het onmiddellik gereageer deur die terugbetalings van hul lenings aan Suid-Afrika te eis. Die resultaat was dat die waarde van die Rand gedevalueer het en dat die Johannesburgse Effektebeurs tydelik gesluit moes word. Sekere sanksies is ook deur die VSA en die Europese Ekonomiese Gemeenskap toegepas met die waarskuwing dat verdere sanksies sou volg indien apartheid nie afgeskaf sou word nie.

In 1985 het die Statebondsleiers geëis dat die Suid-Afrikaanse regering apartheid moes afskaf, die noodtoestand moes ophef, Nelson Mandela en ander leiers onvoorwaardelik moes vrylaat, die ANC moes wettig en beweeg in die rigting van 'n nie-rassige regering. Voorts is 'n groep van sewe - die sogenaamde *Eminent Persons Group* (EPG) - na Suid-Afrika gestuur as onderhandelars tussen die Suid-Afrikaanse regering en die ANC.

Die Botha-regering het aanvanklik die EPG in Februarie 1986 in Suid-Afrika toegelaat, maar hulle moes 'n paar maande later die land verlaat sonder dat hul sending enige sukses opgelewer het.

Hierna het die sanksieveldtog teen Suid-Afrika toegeneem en sy hoogtepunt bereik met die aanvaarding van die *Comprehensive Anti-Apartheid Act* van 1986 deur die Amerikaanse Kongres. Hierdeur is broodnodige in- en uitvoere na en van Suid-Afrika beëindig en het verskeie groot Amerikaanse maatskappye soos Coca-Cola, IBM, Ford en General Motors hulle aan Suid-Afrika onttrek.

7. Inkatha en die ANC

'n Belangrike kenmerk van die swart politiek gedurende die tagtigerjare was die magstryd tussen die ANC en Inkatha wat later die vorm van 'n burgeroorlog aangeneem het. Dit is 'n stryd wat tot op hede (1996) voortduur. Tussen September 1987 en Desember 1991 het meer as 8 000 mense hul lewens verloor in hierdie stryd. Dit is ongeveer drie keer soveel as wat in die opstande van 1984-1986 gesterf het.

Die ANC is reeds in 1912 gestig, terwyl *Inkatha Yenkululeko Yesizwe* in 1975 deur die Hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi, gestig is. Oorspronklik is Inkatha as 'n kulturele organisasie vir Zulus gestig, maar dit het gou by die politiek betrokke geraak. In Desember 1990 het dit 'n politieke party, die Inkatha Vryheidsparty (IVP), geword. In daardie jaar was die ledestal van die party reeds 1,8 miljoen. Waar Inkatha aanvanklik eers 'n suiwer Zulu-organisasie was, is sy lidmaatskap in 1977 vir alle swartes en ander oopgestel.

Soos die ANC was Inkatha ook gekant teen apartheid, maar oor die strategie van optrede het die twee organisasies wesenlik verskil. Terwyl die ANC niks te doen wou hê met die strukture van apartheid, soos byvoorbeeld die tuislande nie, was Inkatha bereid om binne daardie strukture te funksioneer om dit te ondermyn. Daarom dat Buthelezi se weiering om volle onafhanklikheid vir KwaZulu te aanvaar die tuislandbeleid laat misluk het. Die ANC was 'n voorstander van gewapende stryd, terwyl Inkatha vreedsame onderhandeling met die regering voorgestaan het. Die ANC was 'n voorstander van sosialisme, Inkatha van kapitalisme. Terwyl die ANC sanksies teen Suid-Afrika bepleit het, was Inkatha 'n uitgesproke teenstander van sanksies omdat swartes die meeste daaronder sou lei.

Ten spyte van hierdie verskille was die verhouding tussen die ANC en Inkatha aanvanklik goed. Die keerpunt het egter gekom toe 'n ANC-afvaardiging onder leiding van Oliver Tambo 'n Inkatha-afvaardiging gelei deur Buthelezi in November 1979 in Londen ontmoet het. Die doel van hierdie

driedaagse konferensie was om strategie teen die apartheidsbewind en ook nouer samewerking tussen die twee organisasies te bespreek. Die hoë vlak van albei organisasies se afvaardigings het daarop gedui dat die konferensie as 'n magsvertoon beskou is om aan te toon dat nie een van die twee hulle ondergeskik aan die ander wou stel nie.

Die ANC - toe nog 'n verbode organisasie in Suid-Afrika - het aangevoer dat Buthelezi die konferensie bygewoon het ten einde Inkatha se geloofwaardigheid internasionaal uit te bou. Buthelezi op sy beurt het die samekoms as 'n geleentheid gesien om samewerking met die ANC te bewerkstellig en 'n werkbare verhouding daar te stel.

Dit wil egter voorkom asof die twee organisasies hul eie strategieë oor geweldadige en nie-geweldadige verset gestel het en nie bereid was om toegewings te maak nie. Buthelezi het ook 'n beroep op die ANC gedoen om sy kritiek op Inkatha te staak, aangesien dit dié organisasie 'n minderwaardigheidsbeeld gegee het. Gesprekke het ook gesentreer rondom die befondsing van Inkatha deur buitelandse instansies, terwyl Buthelezi aangedring het op 'n ANC-erkenning van Inkatha as nasionale bevrydingsbeweging ten koste van die Swart Bewussynsbeweging. Die ANC het hierdie versoek geïgnoreer.

Na afloop van die besprekings het dit geblyk dat daar 'n permanente skeiding tussen die ANC en Inkatha ontstaan het en hulle het mekaar openlik in die pers aangeval.


Die stigting van die UDF in Augustus 1983 het die spanning tussen die ANC en Inkatha verhoog. Die UDF, wat die ANC gesteun het, het verklaar dat Inkatha nie welkom in die organisasie was nie. In Oktober 1983 het hierdie spanning op geweld uitgeloop op die kampus van die Universiteit van Zululand.

Verhoudinge tussen Inkatha en die UDF het verder versleg met die stigting van die *Congress of South African Trade Unions* (Cosatu). Cosatu het dit duidelik gestel dat hy nie met Inkatha sou saamwerk nie. 'n Mosie is ook aanvaar waarin die tuislande en diegene wat daarbinne gefunksioneer het, verwerp is. Hierdie mosie het dus vir Buthelezi en Kwazulu uitgeskakel.

In antwoord het Inkatha sy eie vakbond, die *United Workers Union of South Africa* (Uwusa) in Mei 1986 gestig. In kontras met Cosatu se voorkeur vir sosialisme en sy propagering van sanksies, was Uwusa ten gunste van kapitalisme en gekant teen sanksies teen Suid-Afrika.

Die stigting van Uwusa was 'n triomf vir Buthelezi maar dit het die swartes in Natal verder verdeel: in die een kamp was die ANC-UDF-Cosatu-alliansie en in die ander Inkatha en sy vakbond Uwusa. Wrywing tussen Uwusa en Cosatu het in 1986 in openlike gevegte ontaard tydens 'n staking by Hlobane naby Vryheid. Hierna het die gevegte toegeneem en ook na die res van Natal uitgebrei.

In Julie 1990 het die oorlog ook na die Witwatersrand versprei. Die Inkatha-ondersteuners op die Witwatersrand is hoofsaaklik trekarbeiders wat in die hostels woon. Die geweld het dus die vorm aangeneem van gevegte tussen die hostelbewoners en die inwoners van die swart woonbuurte. Waar die oorlog in Natal tussen Zulu en Zulu was, het die oorlog op die Witwatersrand plaasgevind tussen Zulu



President F.W. de Klerk spreek die Parlement toe.
2 Februarie 1990.

en nie-Zulu, aangesien alle Zulus daar as Inkatha lede beskou is.

Alle pogings tot op hede om vrede in Natal te bewerkstellig, het nog misluk as gevolg van die ingewikkelde aard van die stryd.

8. Op weg na 'n nuwe Suid-Afrika

Op 15 Augustus 1989 is F.W. de Klerk in die plek van P.W. Botha as staatspresident aangewys. Met die opening van die parlamentsitting op 2 Februarie 1990 het president De Klerk aangekondig dat die verbod op die ANC, die PAC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party opgehef en alle politieke gevangenes, ook Nelson Mandela, vrygelaat sou word. Die doel daarmee was om 'n

onderhandelingsproses oor 'n nuwe grondwetlike bedeling aan die gang te sit.

Verskeie redes word aangevoer waarom president De Klerk tot hierdie stap besluit het. Eerstens, sedert die inwerkingstelling van die 1983-grondwet was dit vir die regering onmoontlik om sonder 'n landwyse noodtoestand te regeer. Dit het De Klerk waarskynlik daarvan oortuig dat daar nie vrede in Suid-Afrika sou wees alvorens swartes dieselfde politieke regte as blankes sou kry nie. Tweedens, aangesien 'n nuwe grondwet die resultaat van onderhandeling sou wees, sou dit beter vir die regering wees om te onderhandel terwyl die inisiatief nog in sy hande was. Derdens, die toenemende internasionale sport-, wapen- en kulturele boikotte en handels- en finansiële sanksies het dit vir die regering al moeiliker gemaak om te oorleef. Vierdens het die val van kommunisme in

verloor. Dit was 'n aanduiding dat die blanke kiesers 'n duidelike standpuntinname wou sien oor die politieke koers wat die party sou inneem.


Die toespraak van De Klerk op 2 Februarie 1990 het 'n veelparty onderhandelingsproses aan die gang gesit wat uitgeloop het op die daarstelling van 'n oorgangsgrondwet wat op 27 April 1994 in werking getree het.

Anders as die grondwet van 1983, het hierdie oorgangsgrondwet voorsiening gemaak vir stemreg vir alle burgers van die land ouer as 18 jaar asook 'n Verklaring van Menseregte. Die rasgebaseerde driekamer-parlementêre stelsel van die 1983-grondwet is ook vervang met 'n wetgewende gesag bestaande uit 'n Nasionale Vergadering en 'n Senaat. Hierdie twee huise vorm gesamentlik 'n Grondwetgewende Vergadering wat 'n nuwe grondwet binne twee jaar vanaf die eerste sitting van die parlement onder die oorgangsgrondwet moet finaliseer.

Die uitvoerende gesag berus by 'n President, een of meer Adjunk-presidente en 'n kabinet met 'n maksimum van 27 lede wat deur die President aangestel word.

Die verkiesing volgens die oorgangsgrondwet het op 26-28 April 1994 plaasgevind. Die ANC het 62,65% van die stemme verower, die NP 20,31%, die Inkatha Vryheidsparty (IVP) 10,54%, die Vryheidsfront 2,17%, die Demokratiese Party (DP) 1,73%, die PAC 1,25% en die African Christian Democratic Party (ACDP) 0,45%. Op grond van hierdie verkiesingsuitslae is die 400 setels in die Nasionale Vergadering soos volg toegeken: ANC 252, NP 82, IVP 43, Vryheidsfront 9, DP 7, PAC 5 en die ACDP 2.

Op 10 Mei 1994 is Nelson Mandela by die Uniegebou in Pretoria ingehuldig as president. Daarmee het die tydperk van die Derde Republiek van Suid-Afrika begin.



F.W. de Klerk en Nelson Mandela reik mekaar die hand

Rusland dit vir De Klerk makliker gemaak om met die ANC te onderhandel. In die laaste plek het die verkiesingsuitslae van 1989 getoon dat die Nasionale Party besig was om steun onder die blanke kiesers te

FOTO'S ONTLEEN AAN DIE VOLGENDE BRONNE

1. Buthelezi, M.G.: **Power is Ours**. Books in Focus, New York, 1979.
2. Cameron, T. & S.B. Spies (reds.): **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika**. Human en Rousseau, Kaapstad, 1986.
3. De Klerk, W.J.: **F.W. de Klerk**. Tafelberg, Goodwood, 1991.
4. De Villiers, D. & J.: **PW**. Tafelberg, Kaapstad, 1984.
5. Harwood, Ronald: **Mandela**. Bantam Books, London, 1987.
6. **John Vorster 10 Jaar**.—Tafelberg, Elsiesrivier, 1976.
7. Mandela, Nelson: **No Easy Walk to Freedom**. Heinemann, London, 1973.
8. Magubane, P.: **The Fruit of Fear**. June 16. Blackshaws, Cape Town, 1986.
9. Schoonraad, M. & E.: **Suid-Afrikaanse Spot- en Strookprentkunstenaars**. Cum-boeke, Roodepoort, 1983.

TIPIESE VRAE

1. Skryf kort verklarende aantekeninge oor elkeen van die volgende:

Afrikanisme (Africanism)
Charteriste
Uittartingsveldtog (Defiance Campaign)
Vryheidsmanifes (Freedom Charter)

(4x5=20)
2. Hoekom was die Jeugliga van die ANC in die veertigerjare ontevrede met die ANC se leierskap? (5)
3. In watter opsigte kan die ANC se Program van Aksie (1949) as 'n militante stap beskryf word? (5)
4. Bespreek die ontstaan, inhoud en betekenis van die Vryheidsmanifes. (60)
5. Verteenwoordig die Sharpeville-gebeure 'n belangrike gebeurtenis in die onlangse geskiedenis van Suid-Afrika? Dink jy die gebeure regverdig dat 'n openbare vakansiedag daaraan gewy word? Wat is die vakansiedag se huidige naam? Dink jy dat die naam geregverdig is? (20)
6. Bespreek die rol van die Pan Africanist Congress tussen 1959 en 1963. (60)
7. Watter lande het by die Verenigde Nasies die leiding teen Suid-Afrika geneem? Watter lande het Suid-Afrika probeer help om die druk te hanteer? Wanneer en waarom het hulle ook besluit om mee te doen aan die druk op Suid-Afrika? (15)
8. Hoe is die algemene publiek in die buiteland ook gemobiliseer in die veldtog teen die Suid-Afrikaanse regering? (5)
9. Verduidelik die volgende konsepte/name: NUSAS; Black People's Convention; AZAPO; protespolitiek; Swart Bewussyn. (5x2=10)
10. Skryf 'n opstel oor die vraag waarom die Soweto Opstande van 1976 as 'n belangrike waterskeiding in die weerstandspolitiek en die bevrydingstryd beskou kan word? (60)
11. Bespreek in 'n opstel die konsep Swart Bewussyn en die rol wat dit in die weerstandspolitiek gespeel het. (60)
12. Skryf 'n opstel oor die Suid-Afrikaanse regering se pogings tot 1976 om protes te bekamp en alternatiewe wyses van politieke uitdrukking vir ontevredenenes te skep. (60)

Let daarop dat die deel van die sillabus wat die tydperk 1976 tot 1994 dek, nie vir die eksamen voorgeskryf nie.